



GAUTENG PROVINCE

EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**PROVINSIALE EKSAMEN
JUNIE 2023
GRAAD 11**

**REKENINGKUNDE
VRAAGSTEL 1**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

11 bladsye + 1 formulêreblad en 'n antwoordboek van 8 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin alle vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers word verskaf aan die agterkant van die vraestel. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE bewerkings aan om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1.	Rekeningkundige Vergelyking	15	10 minute
2.	Vennootskappe: Groothoekrekening	25	17 minute
3.	Staat van Gevattene Inkomste (Inkomstestaat)	45	40 minute
4.	Konsepte en Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)	40	35 minute
5.	Finansiële Aanwysers	25	18 minute
TOTAAL		150	120 minute

VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**(15 punte; 10 minute)****GEVRA:**

Ontleed die volgende transaksies en toon die effek op die Rekeningkundige Vergelyking.

(15)**Let daarop dat die banksaldo te alle tye gunstig bly.**

- 1.1 'n Vennoot, A. Matome, het sy kapitaalbydrae van R966 000 tot R1 222 000 verhoog.
- 1.2 Die onderneming het goedere gekoop van Kgomotso-handelaars ter waarde van R250 000 met behulp van 'n EFT.
- 1.3 Die onderneming het 'n faktuur van Nadeela-winkels ontvang vir krylsoepies wat op krediet gekoop is, R6 700
- 1.4 Verkoop goedere op krediet ter waarde van R300 000. Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 50%.
- 1.5 Betaal R89 000 aan Tummy Bank vir 'n terugbetaling van lening.

15

VRAAG 2: VENNOOTSKAPPE

(25 punte; 17 minute)

GEVRA:

- 2.1 Bereken die rente op kapitaal vir Martin Nike. (5)
- 2.2 Berei die Privaatrekening Nota van Marronnie Modes voor. (20)

INLIGTING:

- A. Uittreksel uit die Voor-aansuiwerings Proefbalans van Marronnie Modes op 28 Februarie 2023:**

Balansstaatafdeling	Debit	Krediet
Kapitaal: Martin Nike (1 Maart 2022)		1 600 000
Kapitaal: Ronnie Jordan (1 Maart 2022)		800 000
Onttrekkings: Martin Nike	442 800	
Onttrekkings: Ronnie Jordan	213 200	
Privaatrekening: Martin Nike (1 Maart 2022)		21 600
Privaatrekening: Ronnie Jordan (1 Maart 2022)	30 800	

- B.** Die netto wins vir die jaar is R1 180 400.
- C.** Die vennootskapsreënkombes is soos volg:
- Aan die begin van die finansiële jaar, is Martin Nike geregtig om 'n maandelikse salaris van R16 000 te verdien en Ronnie Jordan verdien 25% meer as Martin Nike. Hulle salarisse is verhoog met 10% vanaf 1 Augustus 2022.
 - Ronnie Jordan ontvang die helfte van sy maandelikse salaris as 'n bonus **NA** die salarisverhoging.
 - Die vennote ontvang rente op kapitaal teen 6% p.j. op hulle kapitaalsaldo aan die begin van die jaar. Die rentekoers is met 2% p.j. vanaf 1 Desember 2022 verhoog.
 - Die kapitaalse saldo's het nie gedurende die jaar verander nie.
 - Die oorblywende wins of verlies moet verdeel word in dieselfde verhouding as hulle kapitaalbydrae.

VRAAG 3: INKOMSTESTAAT

(45 punte; 40 minute)

Die volgende inligting was geneem uit die boeke van Ahmed Handelaars op 28 Februarie 2023, die laaste dag van die finansiële jaar. Die besigheid gebruik 'n winspersentasie van 100% op kosprys.

GEVRA:

- 3.1 Berei die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) van Ahmed Handelaar vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 voor. (40)
- 3.2 Berei die Nota vir Handels en ander ontvangbares voor. (5)

INLIGTING:

A. Uittreksel van die vooraansuiwerings proefbalans op 28 Februarie 2023:

	Debet	Krediet
Grond en geboue	1 000 000	
Voertuig (kosprys)	1 800 000	
Toerusting (kosprys)	312 500	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2022)		495 500
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2022)		62 250
Lening: Mzansi Bank (8% m.j.)		?
Krediteurekontrole		148 600
Handelsvoorraad	371 900	
Debiteurekontrole	178 400	
Voorsiening vir oninbare skuld		17 000
Bank	179 950	
Wisselgeld	10 00	
Kleinkas	750	
Verkope		?
Koste van verkope	1 757 000	
Korting toegestaan	13 350	
Water en elektrisiteit	68 950	
Verzekering	162 500	
Telefoon	61 950	
Korting op swang		19 600
Huurinkomste		89 650
Donasie	42 650	
Skryfbehoeftes	128 150	
Oninbare skuld	30 600	
Bankkoste	8 000	
Advertensie	139 050	
Diverse uitgawes	?	
Oninbare skuld ingevorder		9 000

B. ADDISIONELE INLIGTING:

1. Goedere met 'n kosprys van R19 000, aan die plaaslike gemeenskap geskenk wat deur die vloed geraak is voordat die voorraad opname gedoen is. Geen inskrywing is gemaak nie.
2. Die eienaar neem skryfbehoeftes vir sy seun se gebruik. Die boekhouer het die volgende inskrywing gemaak:

Debiet – Onttrekkings	R2 500
Krediet – Handelsvoorraad	R2 500
3. 'n Fisiese voorraadopname op 28 Februarie toon dat die volgende items voorhande is:
 - Handelsvoorraad, R326 600
 - Skryfbehoeftes, R2 100
4. 'n Debiteur, A. Hajaat, was insolvent verklaar. Haar boedel betaal 25 sent in elke rand. Die besigheid ontvang 'n EFO van R9 000. Die transaksie was nie geboekstaaf nie. Die res van haar uitstaande saldo moet steeds afgeskryf word as oninbaar.
5. 'n Stoorkamer is vanaf 1 Januarie 2022 vir R11 000 per maand uitverhuur. Die huur is op 1 Desember 2022 met 5% per maand verhoog. Maak voorsiening vir die uitstaande huur.
6. **Leningstaat:**

Saldo op 1 Maart 2022	800 000
Terugbetaling (R26 000 per maand, insluitend die rente)	?
Rente gekapitaliseer	?
Saldo op 28 Februarie 2023	691 000

7. Waarde van lening was soos volg bereken:
 - Voer die: 161 250
 - Toerusting: R33 040
8. Die bankstaat toon die volgende items aan wat nog nie in die betrokke kontantjoernale aangeteken is nie:
 - EFO van H. Omar, 'n debiteur, R2 000 wat voorheen afgeskryf is as oninbaar
 - Diensgelde, R365
 - Kredietkaarthefing, R140
 - OTM deposito fooie, R225
 - Rente op gunstige saldo, R 780

9. Die besigheid het 'n advertensiekontrak met Micky Advertensie Groep aangegaan. 'n Jaarlikse premie van R64 800 vir die periode wat op 31 Julie 2023 eindig, is op 1 Augustus 2022 ten volle betaal.
10. Die telefoonrekening vir Februarie 2023 was ontvang met 'n koste van R1 800. Die rekening sal op 3 Maart 2023 vereffen word.
11. Voorsiening vir oninbare skuld word verhoog tot R17 600.
12. Bedryfswins word bereken teen 20% van die verkope.

EXEMPLAR

VRAAG 4: VENNOOTSKAPPE KONSEPTE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
(40 punte; 35 minute)

MacDee Handelaars is 'n vennootskap, met vennote Mahlatse Dingwane en Dimpho Hlatshwayo. Hulle het jou gevra om hulle te help met die voorbereiding van die finansiële state soos op 31 Mei 2023.

GEVRA:

- 4.1 Voltooi die Kapitaalnota. (5)
- 4.2 Berei die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) voor, op 31 Mei 2023. (35)

INLIGTING:

A. Kapitaal saldo's op 31 Mei 2023:

- Mahlatse Dingwane R2 500 000
- Dimpho Hlatshwayo R3 880 000

Let wel:

- Mahlatse Dingwane vermindersy kapitaal met R500 000. Die transaksie was aangeteken.
- Dimpho Hlatshwayo vermeerder haar kapitaal met R220 000. Die transaksie was nie aangeteken nie.

B. Die totale Privaat rekening saldo's is R1 400 000 (nadat alle toepaslike aansuiwerings aanmerking gegee is).

C. Die lening staat oorsig van Tswane Bank toon die volgende:

Saldo op 1 Junie 2022	7 320 000
Rente op kapitaal (Gekapitaliseer)	376 800
Terugbetaling van R50 400 per maand (lening plus rente)	604 800
Kapitale terugbetaling word verwag om dieselfde te bly gedurende die volgende finansiële jaar.	

Die volgende saldo's word geneem uit die Voor-aansuiwerings
Proefbalans op 31 Mei 2023:

Vaste bates teen drawaarde	14 112 000
Krediteurekontrole	1 120 000
Handels en ander ontvangbares	959 000
Handelsvoorraad	600 000
Verbruiksgoedere voorhande	92 000
Oortrokke Bank	?
Wisselgeld en kleinkas	32 000

- E. R22 000, wat een-derde van die vaste deposito is, verval op 31 Augustus 2022.
- F. Water en elektrisiteit van R3 600 is nog uitstaande.
- G. Huur vir Junie 2023 was vooruit ontvang. Die totale bedrag van huur ontvang is R260 000.
- H. 'n Werknemer se salaris was uit die Salarisjernaal vir Mei 2023 uitgelaat is. Betaling vir al die bydraes is nie gemaak nie. Die besonderhede is as volg:

Bruto salaris	Werkgewer se aftrekkings	Netto salaris
R30 000	R3 750	R26 250

WVF is 1% van die bruto salaris. Die besigheid dra op 'n rand tot rand basis tot die WVF by en R1 500 vir die werknemer se mediese fonds.

VRAAG 5: FINANSIËLE AANWYSERS

(25 punte; 18 minute)

5.1 WAAR OF ONWAAR

(4)

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs die woord 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

- 5.1.1 Likiditeit verwys na die vermoë van die onderneming om sy langtermynskuld te betaal.
- 5.1.2 Doeltreffendheid is die effektiewe bestuur van uitgawes.
- 5.1.3 Solvensieverhouding word bereken as totale bates tot bedryfslae.
- 5.1.4 Vuurproefverhouding staan ook bekend as die vinnige verhouding.

5.2 THABETH HANDELAARS

(21)

Jy word voorsien van inligting rakende Thabeth Handelaars vir die jaar geëindig 31 Mei 2023. Die vennote is Thabo en Bethina.

GEVRA:

5.2.1 Bereken die volgende vir 2023:

- (a) Vuurproefverhouding (3)
- (b) Skuld/Eigeniteitsverhouding (3)
- (c) Persentasie verdiens op gemiddelde eienaarsbelang (5)

5.2.2 Lewe kommersiaal oor die likiditeit van die besigheid. Motiveer jou antwoord deur enige EEN finansiële aanwyser, met syfers aan te haal. (3)

5.2.3 Moet die vennote tevrede wees met hulle belegging in die besigheid? Verduidelik en haal syfers aan om jou antwoord te motiveer. (3)

5.2.4 Thabo stem voor dat hulle die besigheid moet uitbrei. Stem jy saam met sy besluit om 'n bykomend lenig aan te gaan? Verduidelik deur EEN finansiële aanwyser met syfers aan te haal. (4)

INLIGTING:

A

Finansiële Aanwysers	2023	2022
Persentasie winsopslag		
Bedryfskapitaalverhouding	2,19 : 1	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,8 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	24 keer	19 keer
Skuld/Ekwiteitsverhouding	?	1 : 1
Solvensie verhouding	0,8 : 1	1,5 : 1
Rente op Vaste Deposito (Tala Bank)	15%	12%

B

Syfers uit die Finansiële State	2023	2022
Eienaarsbelang	955 100	800 000
Kapitaal: Thabo	600 000	500 000
Kapitaal: Bethina	300 000	250 000
Privaatrekening: Thabo	54 550 Kt	28 500 Kt
Privaatrekening: Bethina	40 500 Kt	24 500 Kt
Bedryfsbates	40 000	315 000
Handelsvoorraad	95 000	100 000
Handelsdebiteure	65 000	90 000
Kontant en kontantekwivalente	180 000	125 000
Handels krediteure	155 000	140 000
Lening: Yan Bank (8% p.a.)	700 000	900 000
Verkope vir die jaar (35 % op Krediet)	3 200 000	2 500 000
Koste van verkope	2 450 000	1 850 000
Netto wins	285 000	230 000

25

TOTAAL: 150**EINDE**

FORMULEBLAD

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde vennotebeleng}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbeleng}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
Handels- en ander debiteure + Kontant en kontantekwivalente: Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaanname of koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1} \text{ of } \frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-Bedryfslaste: Vennotebeleng	Totale bates: Totale laste	